



# Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 13

> *Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek ’n stuk klinkende metaal, ’n galmende simbaal geword. (vers 1)*

In die Grieks van die Nuwe Testament-era was daar verskillende

woorde vir liefde. In Afrikaans omvat die woorde “liefde” omtrent almal: vriendskap, kameraadskap, hartstog, toegeneentheid, deernis … Maar ons het nie ’n woord vir die liefde (*agapé*) waarvan Paulus hier praat nie. Een van die beste vertalings vir *agapé* het ek by William Barclay gelees: onvernietigbare goedgesindheid (*unconquerable benevolence*).

Die probleem waarmee ons sukkel as ons die woord “liefde” in 1 Kor 13 lees (en natuurlik ook die “nuwe gebod” wat Jesus ons gegee het in Joh 13:34) is dat ons meen daar is emosie by betrokke, maar dis nie wat Paulus sê nie. Hy sê *agapé* is ’n daad, nie ’n gevoel nie. Dis nie iets wat jy weet of oor moet praat nie, dis iets wat gedoen moet word, geleef moet word in jou verhouding met ander. In vers 4-7 omskryf hy dit treffend, met die middelste stelling wat alles as ’t ware omvat: “soek nie sy eie belang nie.” Dis ’n houding van wegkyk van jouself en op ander fokus.

Dis hoe Jesus geleef het. Lees gerus 1 Joh 4:19.

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief

Argief Kies 'n maand ▼


- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026